

**5 Oktober**

**Skrifgedeelte: Romeine 11:11-24**

**Fokusgedeelte: Romeine 11:22**

### **God se goeie nuus: Hoogmoed pas nie**

As 'n vrygekoopte kind van God het jy 'n geweldige verantwoordelikheid. Jy moet doodseker maak dat jy deur jou lewe vanuit die rykdom van God se genade, ongelowiges jaloers maak. Jy sal hulle jaloers maak op dit wat werklik die moeite werd is, naamlik: vryspraak deur God en jou lewende verhouding met die Here, wat daarop gaan uitloop dat jy in sy heerlikheid sal deel. Want as jy hierin faal, sal die Here juis die verwerping van die evangelie gebruik om die evangelie van redding na ongelowiges uit te dra (11:11). Soos wat die Here Judas se verraad gebruik het om sy verlossingsplan uit te werk, so het Hy ook die Jode se verset teen die evangelie gebruik om die evangelie verder te dra en dit na die heidene te bring.

Onthou egter dat jy altyd in nederige dankbaarheid moet lewe. Moet jou nie verhef teenoor iemand wat uit God se olyfboom uitgekap is nie (verse 17–24). Selfverheffing pas nie by jou nie, want die goeie nuus van vryspraak is deel van jou lewe net as gevolg van God se goedheid. Die destydse lesers van die brief, wat vrygekooptes uit die heidennasies was, moes onthou: dit is God wat na hulle toe gekom het met vryspraak. Hy het aan hulle 'n ewige guns bewys en die geskenk van vryspraak gegee sonder dat hulle daarop kon aanspraak maak.

En jy? Jy wat God se goeie nuus nie net hoor nie maar diep in jou gemoed beleef, jy moet onthou: wie hom verhef, kan ook "uitgekap" word. Geestelike hoogmoed pas nie. Nederig en dankbaar moet jy ander jaloers maak op die weelde van jou lewe voor God in Christus Jesus. Wat 'n verantwoordelikheid!

Sing: Psalm 40:3

Ds PH Heystek (Pretoria-Montanapoort)